Tema: Moenie bang wees of moedeloos word nie - staan vas! God het ons ŉ blywende hoop en goeie troos geskenk en Hyself versterk ons vandag!

Ontmoetingsdiens
Intreelied Lied 163: 1
Votum
Seën
Loflied Ps. 91-1: 1, 2, 6 (Tweede melodie)
Geloofsbelydenis: HK Sondag 1 vr. en antw. 1

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Eksodus 20
Sing Ps. 51-1: 5
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: 2 Tessalonisense 2: 1 - 3: 5
Teks: 2 Tess. 2: 13 - 17
Woordverkondiging
Sing staande Lied 588: 1, 2

Sakramentbediening
Nagmaalformulier van Johannes Calvyn;
Sing Sb 17-3: 1, 2
Bediening van die Nagmaal
Sing aan tafel Ps. 116-1: 7, 10;
Gebed

Antwoorddiens
Liefdegawes
Sing Sb 14-2: 1
Seën
Amenlied Sb13-3.

Het jy hoop vir die toekoms? Dink jy daar is vir ons in hierdie land ŉ toekoms?

Word jy dalk bang as jy sien wat alles rondom jou gebeur? Wonder jy ook wat sal van alles word?

Brs en srs en liewe kinders, kyk jy na alles wat in die wêreld en in ons land gebeur, dan kan jy maklik alle hoop verloor! Alles lyk so onomkeerbaar verlore! Die oënskynlike oorhand van die bose magte en die verwoesting wat hulle saai met geweld, misdaad, korrupsie en haat, maak jou bang. Waar sal alles eindig?

Maar br. en sr, kyk jy ook ernstig in jou eie hart word jy ook bang! Want hier binne my woed ook ŉ stryd! Die stryd tussen goed en kwaad wat ek daar buite sien, sien ek in my eie hart! ! Die stryd om aan God gehoorsaam te wees en te bly teen die versoekinge van Satan en die wêreld wat my wil saamsleep in hierdie moeras van geweld, haat en misdaad! Dit is asof die vloedgolf van die bose my soos ŉ sterk stroom wil meesleur en somtyds kry hulle dit ook reg! En dit maak my bang!

Hoe sal ek as gelowige staande bly en steeds my roeping as sout en lig kan uitleef?

Geliefdes, die Here roep ons vanmore om bietjie weg van die wêreld en weg van onsself te kyk en op Hom te fokus.

En daarom is die boodskap vanmore: Moenie bang wees of moedeloos word nie – staan vas in die geloof! God het ons ŉ blywende troos en goeie hoop gegee. Hyself kom versterk ons vandag!

Die gelowiges aan wie Paulus in Tessalonika skrywe het die tyd van die Wederkoms van Christus verkeerd verstaan. Hulle het gedink dat Jesus nog in hulle leeftyd sal kom. Klaarblyklik het iemand ŉ valse brief aan hulle geskrywe en gesê dat Jesus al gekom het! Sommige gelowiges het selfs opgehou werk en net gewag dat die heerlikheid wat Jesus beloof het met sy wederkoms, moet aanbreek!

In hierdie gedeelte gee Paulus vir hulle perspektief op die Wederkoms! Voor Jesus terugkom sal daar eers ŉ geweldige toename wees in goddeloosheid en boosheid. Mense sal al hoe meer ongelowig word en verskriklike goddeloosheid bedryf!

Brs en srs, is dit nie wat ons vandag sien gebeur nie! Dat mense al hoe meer boos word en dat verskriklike goddeloosheid hoogty vier nie! Is al die geweld, die misdaad, korrupsie en haat nie die werk van Satan in mense nie! En dit word net al hoe erger en erger!

Hierdie waarheid moet ook vandag vir ons perspektief gee! Die dinge wat ons in die wêreld sien gebeur – moet gebeur! Dit is soos God dit bestuur! Dat

goddeloosheid en boosheid oënskynlik die oorhand kry en toeneem is die voortekens van Jesus se Wederkoms! Dit is die bose kragte wat aan die werk is!

Hierdie waarheid beteken nie dat ons dit nou maar rustig kan aanskou en sy loop laat neem nie – nee! Ons moet dit beveg! Daarom die oproep: staan vas en hou vas aan die waarheid! Maar hierdie waarheid beklemtoon een ding: **God is in beheer – Dit is soos dit moet gebeur!** En daarom moet ons nie toelaat dit ons bang maak of moedeloos maak nie! Die Here sê mos nou hier! Dit wat julle sien gebeur moet gebeur!

En meer nog! Die ergste moet nog kom! Die Antichris moet nog in sy volle krag verskyn! Paulus skryf hier van 'n "wettelose mens" wat nog teëgehou word en dan voor die einde losgelaat sal word om met volle mag die boosheid van Satan in hierdie wêreld los te laat! Een of ander persoon of mag of heerskappy wat voor die Wederkoms hierdie geweldige afval tot hoogtepunt sal voer! Maar Jesus sal Hom verdelg die oomblik wat Hy terugkom!

Brs en srs en liewe kinders! Ons moet dus kalm bly en ons nie deur die boosheid van hierdie wêreld laat ontstel of bang maak nie! God stuur die wêreld doelbewus so na sy einde en ek en jy weet dit en ons kan met hierdie wete onsself rustig maak en eerder op God fokus!

Nadat Paulus vir die gelowiges in Tessalonika hierdie perspektief gegee het, **fokus hy nou op wat God doen sodat ons** – te midde van die chaos van die boosheid - kan voortgaan en ons werk vir die Here doen!
Teenoor die werklikheid van die bose teken Paulus in ons teksverse die werklikheid van God se beskerming en troos vir ons! Ons wat in hierdie chaos moet lewe en ons roeping moet vervul! Die Here kom vou ons toe met sy genade!

Die opdrag in vers 15 is: Wees standvastig en hou vas aan die waarheid! Moenie dat die boosheid jou van koers af bring nie! Moenie bang wees of moedeloos word as jy al hierdie dinge sien gebeur nie! Nee! Hou moed! Leef met die hoop van die oorwinning wat kom! Moenie self aan die boosheid meedoen nie maar verkondig die waarheid!

Brs en srs, kyk mooi hoe is hierdie opdrag van die Here aan ons in die teks omring met God se genade!
Hoe kan ons vol moed bly? Hoekom hoef ons nie bang te word nie? Waarom moet ons nie toelaat dat die boosheid ons moedeloos maak en ons hoop op die toekoms kom steel nie!
Kom ons kyk:
Wys die skyfie:

Die opdrag is: Staan vas – moenie twyfel nie, moenie bang word nie, moenie moedeloos word nie!

Hoekom nie? Want God-Drie-enig omring ons met sy genade! Die Vader, die Seun en die Heilige Gees!
Verse 13 - 14
God die Vader het ons lief en Hy het ons gekies as sy kinders.
God het ons lief en Hy sal ons beskerm en versorg – selfs al moet ons ook swaarkry en deur beproewings gaan – niks kan ons van sy liefde skei nie

Die Heilige Gees het ons vir God afgesonder. Ons is God se eiendom en Hy wil dat ons sy so lewe dat sy lig en liefde in die wêreld duidelik kan word. Ons mag daarom nie saam met die stroom van die wêreld gaan nie! Die Heilige Gees skenk aan ons geloof in die waarheid. Dit is Hy wat die waarheid van die Woord in ons harte vasmaak en Hy roep ons nog steeds elke dag deur die Woord. Die Heilige Gees lei ons deur die Woord om heilig vir God te lewe!

Jesus Christus, ons Here, het vir ons die heerlikheid (oorwinning) bewerk waaraan ons deel het. Hy het reeds die Satan aan die kruis oorwin en alles wat ons nou sien gebeur is maar die doodstuipe van die Satan waarmee hy nog probeer om God se ryk te vernietig! Die Skrif is egter teen die muur en hy, die Antichris en al die bose magte sal deur Christus vernietig word! Daarom hou ons moed en het ons hoop!
Deur dit wat God gedoen het – kan ons vasstaan en hoopvol lewe en kan ons ons roeping vervul

Dit is alles wat God vir ons in die verlede gedoen het! Maar God is nie net ‘n God wat in die verlede iets gedoen het nie, Hy is nog steeds met ons besig! Elke dag! Daarom bid Paulus in verse 16 en 17 dat God Drie-enig ons sal vashou en bemoedig.
Skyfie verder:

Verse 16 – 17
Jesus Christus en die Vader bemoedig en versterk ons. Die twee werkwoorde “bemoedig” en “versterk” is in Grieks in ’n vorm geskryf wat beteken dat dit nou in die **hede gebeur en nog steeds in die toekoms sal voortgaan! God is elke dag besig om ons bemoedig en te versterk**. Hy gee aan ons ’n blywende troos en goeie hoop! Waarna verwys dit! **Dit verwys na die kragtige werk van die Heilige Gees** wat by ons bly en ons elke dag troos en hoop gee**! Hy sorg dat ons standvastig kan wees en Hy dra ons wanneer ons moeg word en moedeloos word! Hy gee weer nuwe krag en hoop wanneer alles vir ons hopeloos lyk!**

Brs en srs sien u? Die struktuur van die teks teken vir ons die boodskap: omring deur God Drie-enig se genade kan ons vas staan en met hoop en troos lewe!

God los ons nooit alleen! Paulus bid dat God self die gelowiges in hulle "harte" sal versterk en vertroos! En dit is presies wat ons Here vanmore ook met ons wil doen!
Hy doen dit nou met die Woord en hierna wil Hy dit bevestig met die Nagmaal as ons die brood en wyn uit sy hand ontvang!
Geliefdes, net so seker as wat jy daardie brood sien, die proe en eet en die wyn drink – net so seker is God se genade in jou lewe!

Moenie vaskyk teen die werklikheid van die boosheid wat ons elke dag omring nie! Nee, kyk na God en sien hoe Hy jou met sy genade omring sodat jy kan vasstaan! Die tekens van brood en wyn is nie ŉ droom nie! God is ook nie ŉ droom of onwerklikheid nie – Nee, hierdie tekens bevestig die werklikheid: God by jou! Skep moed!

Moenie bang wees nie of moedeloos word nie! Staan vas in die geloof!! God het ons vandag ŉ blywende troos en goeie hoop gegee.

Amen

Sing staande Lied 588: 1, 2